



# KONGRES 2012

26 & 27 September

## DIE TOEKOMS VAN LANDBOU - GETEL OF GEWEEG?

### PRESIDENTSREDE

Mnr. Louis Meintjes  
President, TLU SA

TLU SA is vandag, op drie dae na, 115 jaar oud. As sulks is dit die oudste landbou-organisasie in Suid-Afrika. Ons het ook al die politieke partye, storms en etlike oorloë oorleef. Die Transvaal Landbou Unie is gestig op 29 September 1897 met sy eerste President Mnr. J.Z. de Villiers en Mnr. F.T. Nicholson as die eerste sekretaris en tesourier.

Ons is in besit van die Joemale van die Unie en ek haal in besonder uit die 1906 verslag van die sekretaris Mnr. F.T. Nicholson getitel "*The rise and growth of the Transvaal Agricultural Union*".

Daar was 'n paar belangrike besluite geneem wat die toekoms van landbou in Suid-Afrika gerig het na wat dit vandag is en ek lig 'n paar van daardie besluite uit.

Die daarstel van 'n landboudepartement met die doelstelling om:

- Die bees-, skaap- en perderasse wat in Suid-Afrika is, te verbeter.
- Om nuwe tegnologie in te bring ten opsigte van saadvariëteite en toerusting.
- Voorligting te verskaf wat op datum en progressief is.
- Landboustatistiek by te hou.
- Opleidingsfasiliteite vir landbou op te rig.
- Diersiektes aan te spreek.
- Bemaking van Suid-Afrika se landboubedryf.
- Besproeiing te bevorder.
- Wetgewing daar te stel vir die beheer en regulering van "*fraudulent dealers selling adulterated and impure manures and seeds*".
- Sprinkaanbeheer.

Daar is gevolglik 'n versoek na die Volksraad gestuur wat daartoe gelei het dat die landboudepartement tot stand gekom het.

Daar was geen vergaderings gedurende die Anglo-Boereoorlog nie en die eerste sitting na afloop van die oorlog het op 3 September 1903 in Pretoria plaasgevind. Tydens die sitting was daar ses verteenwoordigers van die Departement van Landbou teenwoordig. Daar is tydens die vergadering bevestig dat die Departement ten alle tye in harmonie en ten volle ondersteuning van die Unie sal saamwerk.

Op 15 Desember 1903 word die African Stud Book Association gestig. Tydens die vergadering is daar ook versoek dat die departement moet kyk na die opgaar en gebruik van water wat verlore gaan tydens swaar reën. Ek aanvaar dat dit die voorloper van die Departement van Waterwese was.

Tydens die konferensie van Julie 1904 was die volgende punte onder bespreking:

- Plakkerwet.
- Die stigting van boereverenigings.
- Koöperasies.
- Vrugte kultivars.
- Die vrystelling van landbou skouterreine en -geboue van munisipale belasting.

Daar was ook gedurende die tydperk 'n versoek aan die regering gerig om kos direk aan die weermag te voorsien en die Unie was daarna gekomplimenteer oor sy poging om die verbruiker en die produsent nader aan mekaar te bring.

Tydens 'n vergadering in Januarie 1905 is die versoek gerig vir die daarstel van 'n Landbou Bank en daar is 'n kommissie verkies om dit te implementeer en so het die Landbank sy ontstaan gekry.

In April 1905 is die Transvaal Stock Breeders Association asook die Tobacco Growers Export Association gestig.

Op 10 Julie 1906 word die jaarlikse konferensie van die Unie in Pretoria gehou. Die Hoë Kommissaris sluit die konferensie af met die hoop dat die Unie 'n keerpunt in sy geskiedenis bereik het en dat die goeie werk wat tot op datum gedoen was, sal verseker dat die Unie een van die permanente en nuttige organisasies in Transvaal sou wees.

Ons weet dat die Transvaal Landbou-unie ook verantwoordelik was vir die stigting van die Suid-Afrikaanse Landbou-unie (SALU) waaruit die huidige Agri SA ontwikkel het.

Vir die afgelope 115 jaar het ons die Suid Afrikaanse landbou-omgewing gevorm en gerig en is ons steeds besig om dit te doen. Die rolspelers en omgewing het verander, maar baie van die probleme het dieselfde gebly.

Ons werk die afgelope 115 jaar met voedselproduksie en het ons die land met onderskeiding gedien deur ons bydrae tot voedselsekerheid in Suid-Afrika.

Die Wêreld Gesondheid Organisasie het voedselsekerheid as volg gedefinieer:

*"When all people at all times have access to sufficient, safe, nutritious food to maintain a healthy and active life".*

Voedselsekerheid staan dus op drie pilare:

- Besikbaarheid van voedsel – Die beskikbaarheid van voldoende hoeveelhede voedsel op 'n konstante basis.
- Toegang tot voedsel – Om voldoende hulpbronne te hê om voedsel te bekom.
- Die gebruik van die voedsel – Die kennis te hê om te weet wat 'n gesonde dieet is. Hiermee saam ook genoeg water en sanitasie.

Die "all people" is natuurlik die grootste probleem. Produksie hou nie tred met die bevolkingsgroei nie.


Binne 61 jaar sal die wêreldbevolking verdubbel en mense moet eet. Uit die grafiek is dit duidelik dat dit die lae inkomste groep is wat die vinnigste groei. Ons moet daarvan kennis neem en die uitdaging aanvaar om aan die behoefte te voorsien. Dit is 'n voorwaarde vir stabiliteit en rustigheid in 'n land.

Die ander faktor wat 'n beduidende rol speel is natuurlik verstedeliking.

In Suid-Afrika woon 61% van die bevolking in stede en die verstedeliking tempo is tans 1,2% per jaar.

Daar is egter 'n paar ander faktore wat ons in aanmerking moet neem wat 'n wesenlike impak het op voedselsekerheid.

As ons alles bymekaarsit kry ons die volgende:



Elkeen van die komponente is noodsaaklik vir voedselsekerheid.

Die volgende paar punte gee 'n goeie oorsig van die stand van Landbou in Suid Afrika.

- 65% van ons land word gebruik as weiding d.w.s. diere produksie.
- Slegs 11% word gebruik vir gewasverbouing.
- Slegs 3% word geag as hoë potensiaal grond.
- 1.5% van die bewerkte grond word besproei en produseer 30% van Suid-Afrika se voedsel.
- Landbou is die grootste watergebruiker nl. 63%.
- Volgens Statistiek SA en die Ontwikkelingsbank se statistiek, soos verwerk deur die Instituut van Rasse Aangeleenthede, was daar in 2009 totaal 1337400 eenhede in Suid Afrika in produksie. Afgebreek per kategorie lyk dit so:
  - 22 400 kommersiële eenhede omset oor R 300 000
  - 24 000 klein kommersieel omset onder R 300 000
  - 35 000 Kommunale areas opkomende boer omset onder R 300 000
  - 1 256 000 Bestaansboere
  - Dit beteken 6 % van die boere produseer 95% van die kos vir 55 miljoen mense in Suid-Afrika.
- Op kommunale grond is daar 35 000 boere met 'n omset van minder as R 300 000 en 1 256 000 Bestaansboere.
- 83 % van die kommersiële besighede is in privaat besit.
- Somergraan beslaan 48% van die grond.
- Wintergraan word op 15 % van die grond geproduseer.
- Groenteverbouing behels slegs 3% en dit is hoofsaaklik onder besproeiing.
- In 2010 was daar 866 417 werkers in diens van landbou. Dit is 'n afname van 20,7% sedert 1993.
- Alhoewel daar 'n afname was in die indiensneming het die vergoeding van plaaswerkers toegeneem met 319% met 'n gemiddeld van R 17 428 per werker.
- Landbou se bydrae tot die BBP in 2009 was 2,9% gewees.
- Die totale bydrae tot BBP (aanverwante bedrywe wat afhanklik van primêre landbou is ingesluit) is in die orde van 23%.

Ons boere, grond en water is die sleutel tot voedselsekerheid en is dus 'n nasionale bate wat beskerm en bewaar moet word.

As ons oor die toekoms van landbou en voedselsekerheid in Suid Afrika praat, moet ons elkeen van die rolspelers of faktore weeg om te bepaal waar die sterk- of swak punte is. Ons moet ook bepaal wat die bedreigings is, wie die oorsaak is en hoe dit geneutraliseer kan word.

## **BOERE - GETEL EN GEWEEG**

Ten einde produktief en ekonomies volhoubaar voedsel te produseer het 'n boer 'n veilige stabiele omgewing nodig.

Vanaf 1990 was daar 1586 moorde en 2817 aanvalle op boere. Dit is niks anders as 'n massamoord op 'n groep mense wat 'n nasionale bate vir die land is.

Sedert die begin van die jaar tot middel September is 34 boere vermoor en was daar 89 aanvalle op plaasbewoners.

Suid Afrika se nasionale moordcyfer is ongeveer 31 moorde per 100 000 van die bevolking. Volgens die Instituut van Sekerheidstudies behels moorde op alle boere 'n ratio van ongeveer 97 per 100 000 van die bevolking.

Die ekonomiese realiteite van Suid-Afrika het ook 'n impak op die ekonomiese oorlewing van boere en die druk van ekonomie van skaal, dwing boere ook om die bedryf te verlaat.

Kleinboere is die voedingsbron vir die kommersiële bedryf en dit is noodsaaklik dat daar aandag gegee word aan die ontwikkeling en opleiding van die groep. Daarvoor het TLU SA reeds planne op die Minister van Landbou, Bosbou en Vissery se lessenaar en sal ek dit later hanteer.

## GROND, WATER EN TEGNOLOGIE

Daar is 'n paar maniere waarop 'n land kan verseker dat daar voldoende voedsel op die tafel vir 'n groeiende bevolking sal wees:

- Beskerm en bewaar landbougrond.
- Plaas meer grond in produksie.
- Gebruik die bestaande grond meer produktief deur die benutting van nuwe tegnologie.


Ons het 'n beperkte hoeveelheid grond beskikbaar in Suid-Afrika en daarom moet elke hektaar beskerm en benut word om voedselsekerheid te waarborg.

Ons het ook net 'n beperkte hoeveelheid water beskikbaar in Suid-Afrika. In belang van voedselsekerheid moet die waterbron beskerm word teen besoedeling en moet dit optimaal gebruik word.

Die grootste enkele bedreiging wat ons in die gesig staar is die beskikbaarheid van skoon water en vrugbare landbougrond wat deur mynbou opgevreet word en die impak wat onoordeelkundige mynbou praktyke op landbouproduksie het.

Daar is geen beheer en kontrole oor die besoedeling van ons waterbronne nie. Riool vloei vrylik in riviere en damme in terwyl daar van boere verwag word om veilige voedsel te produseer.

Boonop gaan vrugbare grond uit produksie uit a.g.v. mynbou.



Die satellietfoto dek ongeveer 100 000 ha

U kan self sien watter persentasie van die omliggende gebied is steeds bruikbare grond inaggenome die feit dat die water van so 'n aard is dat dit nie geskik vir besproeiing is nie. Daardie dele wat gerehabiliteer is, gee slegs 'n opbrengs van 1,2 t / ha teenoor onversteurde grond se opbrengs van 6–8 t / ha terwyl grond onder besproeiing selfs soveel as 16 t / ha lewer.

Daar is tegnologie beskikbaar wat hoër opbrengste kan verseker. Baie navorsing, produkontwikkeling en -ondersteuning word gedoen deur landboumaatskappye om optimale produksie te bevorder.

Dankie vir daardie Maatskappye wat deurlopend die landbou-omgewing bedien met goed nagevorsde tegnologie.

Een aspek waaroor ek bekommerd is, is die beskikbaarheid van arbeid asook die koste daarvan. Daar was reeds 'n 300% verhoging in arbeidskoste soos weerspieël deur die statistiek waaruit ek vroeër aangehaal het. Hierdie verskynsel is 'n wêreldtendens. In China het die arbeidskoste tussen 2000 tot 2010 met 900% verhoog. Afgesien daarvan was daar ook 'n tekort aan arbeid. Mense wil nie meer op plase werk nie en ons moet kennis daarvan neem. Dit is 'n mite om te glo dat landbou die oplossing is vir werkloosheid op die platteland. Dit is 'n feit dat indiensneming in die landbou wêreldwyd afneem. Die ander faktor is natuurlik noodsaaklikheid om toenemende produktiwiteit na te streef.

In Suid-Afrika in besonder is daar geen verband tussen arbeidskoste en produktiwiteit nie. Arbeidsonrus sal waarskynlik oorspoel na die landbousektor en dit sal nog groter druk op winsgewendheid plaas.

Klimaatsverandering het 'n direkte impak op landbou. Ons gaan in een van die referate van 'n deskundige verneem wat die impak gaan wees en gevolglik gaan ek nie nou aandag daaraan gee nie.

Ter opsomming: Suid-Afrika het die beste boere in die wêreld, maar met toenemend minder boere in die bedryf, produktiewe landbougrond wat uit produksie gaan, toenemende besoedeling van ons waterbronne, tekorte aan arbeid tesame met die gepaardgaande kostestygings en die invloed van klimaatsverandering, is ons in Suid-Afrika op die afdraande pad met voedselsekerheid.

Die boere het geen beheer oor die beskikbaarheid van grond, toeganklikheid tot water asook die kwaliteit daarvan, arbeid en klimaatsverandering nie. Sulke aangeleenthede is in die hande van ander organisasies en die Regering. Dalk moet ons die Regering weeg om te bepaal wat sy rol en impak op voedselsekerheid is. Ons moet die omgewing waarbinne die kommersiële boer in Suid-Afrika voedsel moet produseer, deeglik in ag neem.

Die Regering het die afgelope tyd die National Development Plan 2030 bekend gestel en ons moet dit ook weeg en bepaal of dit uitvoerbaar is en onder watter voorwaardes.

## **DIE ROL EN IMPAK VAN DIE REGERING SE BELEID EN AKSIES OP VOEDSELSEKERHEID.**

Die studie wat gedoen is deur die Forum vir Voedselsekerheid in Suidelike Afrika (*Food Security Crisis in Southern Africa – The Political Background to Policy Failure*) stel dit baie duidelik en ek haal direk aan:

*“Neo-patrimonialism (the objects, traditions, or values that one generation has inherited from its ancestors) in the study countries (Lesotho, Malawi, Mozambique, Zambia and Zimbabwe) has influenced food policies and their outcomes in the following broad ways:*

- *The political interests of ruling elites have been defined in a way that systematically conflicts with the principle of maximizing the welfare of citizens. Agricultural policies have been formulated as a means of guaranteeing political support, particularly in the run-up to elections. This favors large symbolic gestures, the distribution of largesse and promises of favors, but not, in general, promises to resolve structural problems with better policies.*
- *Policies are pursued that allocate economic resources inefficiently, with high opportunity costs from the point of view of meeting the real needs of the food-insecure. State intervention in supply of agricultural inputs, pricing and food distribution persists for political reasons. While a technical case can be made for instituting some measure of official intervention to help to make markets work for the poor, it is not the case that this is what is driving current policies. The political logic revealed by the analysis of current policies would need to be taken very seriously in any design work based on these arguments.*
- *Intermittently, but on an occasionally massive scale, state resources are diverted unofficially for personal gain, through corruption and nepotism. Even in the face of massive threats to the food security of the population, such occurrences are not subject to effective domestic accountability. Civil society, the media and parliaments face serious difficulties in holding governments to account, despite the existence of multi-party politics. A major source of difficulty is the way neo-patrimonialism detracts from issue-based political competition in general.”*

Die voorafgaande moet saamgelees word met die doelwitte van die ANC alliansie soos vervat in die N.D.R. en Freedom Charter en al die ander ondersteunende wetgewing wat reeds in plek is. Benewens dit, is daar ook die Groenskrif op Grondhervorming asook die Groenskrif op Landelike Ontwikkeling, wat na wat ek verneem, in die finale voorbereidingsfase is, sowel as die beleid van Swart ekonomiese bemagtiging.

TLU SA bevestig dat hy 'n versoek gerig het vir 'n ekonomiese impakstudie om die bekostigbaarheid van SEB in die bedryf te bepaal. Tot op hede is so 'n studie nog nie gedoen nie. Dit is ons standpunt dat ons dit nie kan bekostig nie. Dit is sinneloos om 'n riglyn daar te stel wat landbou dood sal maak en ons kan nie so 'n riglyn ondersteun nie.

'n Tyd gelede was daar 'n berig in die Londen Times wat dit mooi beskryf het en ek haal aan:

*"South Africa is the only country in the world where affirmative action is in the favor of the majority who has complete political control. The fact that the political majority requires affirmative action to protect them against a 9% minority group is testament to a complete failure on their part to build their own wealth making structures such that their only solution is to take it from others."*

Een van die ernstigste bedreigings vir 'n boer se voortbestaan en welsyn is die voorkoms van geweldsmisdaad, diefstal en algemene veiligheid op plase.

Die berig van Piet Rampedi – *"Spies lies and slush funds"*, plaas 'n ander perspektief op veiligheid in die landbousektor. Volgens sy navorsing word daar doelbewus 'n klimaat geskep om boere as wettige teikens op te stel deur dis-informasie en fiktiewe bedreigings teen die Regering. Die wêreld moet hiervan kennis neem en ons sal gevolglik die kwessie verder dryf om dit wêreld kundig te maak.

- TLU SA stel sy saak onbevange, reguit en duidelik sodat daar geen misverstande kan wees nie.
- Maikana moet vir ons 'n les wees. Ons het kennis geneem van die regering se optrede. Ons het ook gesien waartoe 'n opgesweepte skare in staat is en hoe vêr hulle bereid is om te gaan met intimidasie en moord om hulle doelstellings te bereik.
- Die Malema- en Lamola-uitsprake is ook 'n aanduiding van onaanvaarbare verwickelinge. Die Jeugliga se uitsprake dat hy nie die Van Heerdens en Van der Merwes meer kan beskerm nie moet in 'n ernstige lig gesien word.
- Sal die SAPD in staat wees om 'n "Maikana skare" op privaat landbougrond wat eis dat die eienaar die grond moet verlaat en aan hulle oordra, kan hanteer. Sulke dinge gebeur nie op die ingewing van die oomblik nie. Daar word gewoonlik deeglik beplanning gedoen. Beskik die SAPD oor die intelligensievemoë wat vroeë waarskuwing sal verseker en sal die daaropvolgende optrede die eienaar se besitreg beskerm?
- Wat gaan ons doen? Is gebeurlikheidsbeplanning in plek. Is boere deel van 'n plaaswag en is die plaaswag se planne in plek? Dit is een van die kritiese areas wat aandag verg en waar elke boer by betrokke moet wees.
- Die gesprek om groter eenheid in Landbou word deesdae op die spits gedryf. TLU SA is op rekord dat eenheid kan slegs geskied op grond van ekonomiese volhoubare beginsels wat nagestreef moet word. By die formele struktuur wat daargestel is, is TLU SA se voorstel van agt jaar gelede nou aanvaar as die werkswyse.

My beroep op alle boere is om betrokke te raak by die formele landbou strukture en om daardeur insette te gee tot voordeel van almal.

Die grootste bedreiging vir stabiliteit in Suid-Afrika en ontwikkeling is die Alliansie se interne struwelinge en die *"struggle"*.

Ek ervaar algemene kommer oor die volgende:

- Effektiewe landsbestuur.
- Dienslewering.
- Korruptsie.
- Onderhoud van die infrastruktuur.
- Werkskepping.
- Wetteloosheid.

Die Regering se nuwe "National Development Plan 2030 (NDP)" van 488 bladsye is tans op die tafel. Alles dui daarop dat die teiken van 30% grond wat oorgedra moet word, reeds bereik is.

Min van die grond wat oorgedra is, is steeds in produksie. Dit maak die prestasie van ons kommersiële boere steeds meer merkwaardig.

Volgens die plan sal besproeiing en droëlandproduksie uitgebrei moet word. Weet die Departement van Waterwese van die plan en is dit deel van hulle langtermyn beplanning? Het hulle boonop in hulle



beplanning voorsiening gemaak vir die impak van klimaatsverandering? Die Departement fokus op water vir industrieë en die invoer van sg. virtuele water. Dit behels die invoer van voedsel. Die kwaliteit van ons waterbronne is egter een van die grootste kopsere. Die water is so besoedel dat dit nie net die grond besoedel en onbruikbaar maak nie, dit beïnvloed ook opbrengs en produkte se kwaliteit. Daar word van ons boere verwag om genoeg voedsel te produseer wat veilig is vir die gebruiker.

Ek is nie so seker of ons dit meer sal kan doen met die water wat in die sisteem is nie. Na my mening is ons reeds by die kritieke stadium en sal die impak van besoedeling eksponensieël toeneem en bring dit voedselsekerheid in gedrang. Die regering het baie planne met die vestiging van kleinboere. As waterbesoedeling vir die kommersiële boer 'n probleem is, wat gaan die kleinboere doen met die besoedelde water en wat is hulle kanse vir ekonomiese oorlewing en sal hulle volhoubaar 'n bydrae kan maak om veilige voedsel te kan produseer?

Die NDP verwys telkens na effektiewe dienslewering as voorwaarde vir sukses met die plan. Dit is die onderbou van enige ekonomie wat moet groei. Die ANC en regering "struggle" die afgelope 18 jaar om dienste te voorsien. Wat gaan nou verander?

Ander vereistes wat gestel word vir die suksesvolle uitrol van die plan is die volgende:

- Effektiewe voorligtingsdienste.
- Landbouopleiding.
- Ontwikkeling van nuwe markte wat landbou kan laat groei. 'n Voorwaarde is dat die markte beskerm moet word teen onoordeelkundige invoere. Die plan meld dat daar groot potensiaal in die braai- en vleis mark bestaan. Met die invoer van hoenderleis is die bedryf tans onder druk. Die bedryf moet kompeteer met goedkoop invoere wat gesubsidieer word in die land van oorsprong en wat nie altyd deur die rakprys weerspieël word nie. As daar nie beskerming is teen sulke praktyke nie, sal daar nie sukses wees nie. Die handelaars is winsgedrewe, maar het ook 'n verpligting teenoor die bedryf en behoort 'n lojaliteit te hê teenoor plaaslike produksie.
- Eienaarskap van kommunale grond word as 'n vereiste gestel. By forums waar die saak bespreek word, is dit 'n sensitiewe punt wat nie openlik bespreek word nie en is die potensiaal vir konflik groot.
- Die ontwikkeling en onderhoud van infrastruktuur en ondersteunende dienste.
- Opleiding en ontwikkeling van vaardighede.
- Bio Sekuriteit en navorsing.
- Die deelname en betrokkenheid van blanke kommersiële boere word as vereiste gestel vir die sukses van landelike ontwikkeling. As ons dan so belangrik is, hoekom word ons dan nie met respek behandel nie? Watter rol speel die N.D.R. in die plan? Die dokumente se doelstellings is nie dieselfde nie en ek wonder hoe die twee dokumente deur die ANC met mekaar getrou gaan word.

As die regering nie die basiese funksies effektief kan uitvoer nie, hoe gaan hulle 'n plan van dié omvang uitvoer? As hulle nou reeds ander maatstawwe, riglyne en prosedures volg wat teenstrydig is met die voorstelle in die plan, gaan hulle anders doen en dink omdat daar nou 'n nuwe plan op die tafel is? Dit is onwaarskynlik.

As ons dit wat ek voorgelê het uit die 1906 Joernaal van die unie in ag neem, het daar nie veel verander nie. Ons sal dit wat ons geskep het, steeds in stand moet hou. Baie van die vraagstukke en probleme het dieselfde gebly. Al wat verander het, is die tyd waarin ons lewe en 'n regering wat ons nie goedgesind is nie. Dit is die realiteit van landbou in Suid-Afrika. Dit is die speelveld waarbinne ons moet speel ter wille van oorlewing.

*William Jennings Bryan het gesê: "Burn down your cities and leave our farms, and your cities will spring up again as if by magic; but destroy our farms and the grass will grow in the streets of every city in the country."*

Die regering moet aanvaar dat hy dit nie sonder ons kan doen nie. Die kundigheid is vandag hier in die auditorium. Ons het 'n plan aan die regering, die Minister van Landbou, Bosbou en Visserye, Minister Tina Joemat-Pettersson voorgelê. Dit is nie 'n 488 bladsye plan nie, maar 'n eenvoudige dog werkbare plan.

Ons plan vir 'n nuwe Landbou Revolusie en ekonomiese bemagtiging is kortliks as volg:

- Marknavorsing
  - 'n Mark vir stapelvoedsel.
  - Regeerings aankope.
  - Uitvoermark
  - Algemene plaaslike mark

- Grond Oudit. Watter grond is waar beskikbaar en wat word of kan daarop verbou word?
- Water Oudit. Koppel die beskikbare water met die grond.
- Projekbeplanning. Gebruik die marknavorsing inligting en bepaal waar wat optimaal en vir 'n bepaalde mark geproduseer kan word.
- Infrastruktuur. Verseker dat die infrastruktuur van so 'n aard is dat die produkte ongeskonde by die bepaalde markte kan kom. Onder die punt moet daarmee saam die verwerking, stoorfasiliteite, verspreiding en vervoer van produkte ontwikkel word.
- Finansiering en ondersteuning vir die projek.
- Die bal is nou in die regering se hande. Kan 'n regering bekostig dat sy onderdane honger ly en wat sal die gevolge wees van 'n oproerige honger skare?

## SLOT

Ek sluit af deur my boodskap aan ons boere:

Julle is die beste in die wêreld en die sleutel tot voedselsekerheid, nie net vir Suid-Afrika nie maar ook vir die wêreld.

Dit is ons taak en verantwoordelikheid om voedsel te produseer en te voorsien aan die inwoners van Suid Afrika en selfs aan verbruikers buite ons landsgrense. Ons dien armes en rykes met lewensnoodsaaklike voedsel.

Ons is geregtig op 'n billike prys vir ons produkte wat ekonomies volhoubaar is. Ons moet ons krag verstaan - hoekom sien ons dan onself as prysnemers?

Landbou is die sleutel tot ekonomiese oorlewing.

Sonder boere is daar geen kos nie en kan geen ekonomie groei nie. Alle ekonomiese werkers nodig wat gesond is en met vol mae werk.

Sonder boere is daar nie kos op die rakke van supermarkte nie.

Sonder boere is daar nie klere aan ons lywe nie.

Sonder boere is daar nie 'n landbou-chemikalieë bedryf nie.

Sonder boere is daar nie 'n landbou-toerusting bedryf nie.

Die sleutel tot ons oorlewing is die saamstaan om self te doen wat ander nou doen.

Ons moet betrokke wees by alle aspekte van die voedselketting. As ons saamstaan en die totale waardeketting deel maak van ons besigheid sal daar goedkoper kos op die tafel wees.

Gaan voort en bewerk jou lande en ontwikkel jou plaas. Gebruik die nuutste tegnologie in jou bedryf.

Ons glo aan die mag van die pen en die ploeg bo die swaard.

Ons is deur 360 jaar se ervaring en ondervinding hier in Suid-Afrika geslyp en gelouter.

Ons is nie setlaars of kolonialiste nie. Ons is Suid-Afrikaners met 'n liefde vir die land. Ons het niks gesteel nie en skuld niemand iets nie. Ons kom ons plig na en ons het 'n reg om hier te wees.

As die oudste organisasie in landbou het ons 'n gevestigde reg in Suid Afrika.

Die Van der Merwes en Van Heerdens gaan nie weg nie en is hier om te bly. Ons sal ons nie laat boelie nie.

Ons glo aan 'n God wat almagtig is. Hy is in beheer.

Ons opdrag is: Bewoon, Bewerk, Bewaar

Ek en my huis bely dit, TLU SA bely dit.

Dit is ons redding en toekoms.